# Dienelkander

**Nuusbrief van die Gereformeerde Kerk Potchefstroom-Oos**

**WhatsApp:** 067 713 2332 — **Webblad:** www.oosdoppers.co.za
**Facebook:** www.facebook.com/oosdoppers — **Erediens videobank:** http://ow.ly/ivfZ309vsdc
**Intydse erediensuitsendings op YouTube by:** Oos-Doppers Potch

## 29 Oktober 2023

**09:30 OGGENDEREDIENS:**
**Ds. Piet Venter**

31 Oktober 1517 het in die kerkgeskiedenis dié datum geword waaraan die ingrypende hervorming of reformasie van die kerk gekoppel word. Dit was die dag toe ‘n Rooms Katolieke professor in teologie, Maartin Luther, sy 95 stellinge teen die kerkdeur van Wittenberg in Duitsland vasgekap het om die Roomse Kerk se valse leer te ontbloot. Dit was die geboorte van die gereformeerde teologie gebaseer op die Woord van God soos wat Johannes Calvyn en andere dit later gevestig het.

Een van die kernsake van die Hervorming/Reformasie van die 16de eeu was die slagspreuk: Sola Sacra Scriptura - die Heilige Skrif alleen. Hiermee is die Here se opdrag beklemtoon dat Sy Woord (die Bybel) die enigste grondslag van ons geloof moet vorm en dat enige menslike leer of dwaling wat daarmee in stryd is, uit die kerk geweer moet word.

Die vraag is: pas hierdie slagspreuk nog in vandag se moderne konteks? Mag ons nog praat van mense wat dwaalleer verkondig? Elkeen het mos die reg om sy eie opinie te hê! Moet ons so streng by die Bybel hou of kan ons ook ander bronne van kennis (soos mense/ geskrifte / denkrigtings) volg? Moet ons nie vir mense ruimte gee om ook hulle subjektiewe geloofsbelewenisse en eie interpretasies van Bybelse waarhede te skep nie! Daar is tog nuwe kennis, nuwe ontwikkelinge en tegnologie?

**Tema: Moenie alles glo wat Christene sê nie! Onderskei tussen die waarheid van Christus en die leuens van Satan.**

**Lofsang ter voorbereiding van die erediens**
Lied 477: 1, 4; Lied 478: 1, 2

**God en ons ontmoet mekaar**
Intreelied: Sb 12-3: 1, 2; Votum; Seën; Loflied Ps. 19 - 1: 1, 3, 4;  Geloofsbelydenis: NGB Art 7

**Ons verootmoedig ons voor God**

Wet uit Eks. 20; Sing sondebelydenis uit Ps. 25 -1: 3; Vryspraak uit 1 Johannes 1: 8 – 9; Sing toewyding aan God se wil:
Ps. 25 -1: 7; Gebed

**God bedien aan ons sy Woord en ons ontvang dit aktief in geloof**

Skriflesing: 1 Johannes 4:1-6;
Teksvers: 1 Johannes 4: 1
Sing: Sb. 14 - 3: 1, 3 (kleuters na hulle bediening); Woordbediening

**Ons antwoord op die Woordbediening**

Gebed; Liefdegawe; Sing Sb15-7: 2, 4, 5; Seën; Amenlied: Sb 13-2.

**MUNTLEGGING EN TEE BY NG KERK GRIMBEEKPARK**

Direk na die diens stap ons as gemeente oor na die NG Kerk Grimbeekpark om daar saam met hulle 'n muntlegging vir Bybelverspreiding te hou en as gelowiges saam te kuier rondom tee en koffie. Stap asseblief by die verkeerslig se voetoorgang oor die pad en gehoorsaam die verkeersreëls.

**15:30 HERVORMINGSFEES: PSALMSANG**

GK Potchefstroom nooi ons uit na 'n fees van Psalmsang met instrumentale begeleiding wat vanmiddag om 15:30 <u>in die kerkgebou van Gk Die Bult gehou word.</u>

**18:00 GESAMENTLIKE HERVORMINGSDIENS**

GK Cachet nooi ons uit na die jaarlikse gesamentlike Hervormingsdiens i<u>n die kerkgebou van GK Potchefstroom Die Bult</u>. Ds H Verryn van GK Potchefstroom-Suid sal die erediens lei.

**MEELEWING**

- Earnest de Vries se suster is oorlede aan 'n beroerte.
- Riekie Schutte is in Medikliniek opgeneem met longontsteking en dehidrasie.

**Ons bid al hierdie lidmate troos en beterskap toe in hierdie beproewings.**

**ONS VRA VOORBIDDING VIR DIE VOLGENDE LIDMATE WAT SUKKEL MET SIEKTE OF SWAK GESONDHEID**

Estette Bredenkamp, Annette Coetsee, Kitty Kruger, Annatjie Duvenage, Bettie Niemand, Annetjie Vermeulen, Mariana du Plessis, Rita Schutte, Hannatjie du Plessis en Andries du Plessis.

**ONS GROET**

Willemien van Rooyen wat gemeenskap opsê omdat sy na die Kaap verhuis en daar geen Gereformeerde Kerk in haar nabye omgewing is nie. Ons bid haar voorspoed en vreugde toe op die volgende fase van haar lewe.

**BEDIENINGE VAN HIERDIE WEEK**

**Vandag**

09:00 Gebedsgroep
09:30 Oggenderediens
Kleuterbediening
Geen tee en koffie - ons drink by NG Kerk Grimbeeckpark
Geen "Griefshare" - verskuif na Maandagmiddag
15:30 Psalmfees by GK Die Bult
18:00 Gesamentlike Hervormingsdiens by GK Die Bult

**Maandag**
17:00 “Griefshare”
18:00 Kersmark
Geen Kassierediensgroep
18:30 Katkisasiediensgroep en verslae – Zoomvergadering

**Dinsdag**
06:00 Manne-ondersteuningsgroep
Geen Katkisasie - afgesluit vir die jaar

**Woensdag**
09:30 Bybelstudie (Afsluiting)
Geen katkisasie - afgesluit vir die jaar

**Donderdag**
18:30 Ouderlingevergadering
Geen Bybelstudie Klipdrif: ons skuif die afsluiting na 7 Des.

## AFKONDIGINGS

- Liefdegawes vandag: Diakonie (Groot boks) en Bybelverspreiding (klein boks) Zapper-betaalmetode beskikbaar.
- Gawes volgende Sondag by die deure vir Thusofonds.
- Vrywillige bydrae vir voertuigsekuriteit kan in die bussies gegooi word.
- Diensbeurte: Groep 32 en 33.

## VERJAARSDAE

Baie geluk aan almal wat DV hierdie week verjaar!

**Sondag, 29 Oktober**
Sr Myra du Plooy
Sr Hantie Grobler *
Sr Karin Kruger

**Maandag, 30 Oktober**
Jsr Elizka de Bruyn
Sr Cecile de Waal

**Donderdag, 2 November**
Sr Cornè Crause
Br Carl Quass *

**Vrydag, 3 November**
Jbr JC Badenhorst
Br Frans du Preez
Jsr Zalia Niemand

**Saterdag, 4 November**
Jbr Carlo Kloppers
Br Krause vd Walt
Sr Naetta v Zyl

***** Lidmate met spesiale verjaarsdae – 75 jaar en ouer

Mooirivier Kersmark

**KERSMARK:**
**23 NOVEMBER - 2 DESEMBER**

Oor 3 weke begin ons Kersmark. Ons het almal se hulp nodig! Daar is hulplyste in die voorportaal van die Skuur. Kyk asb waar kan jy help en skryf jou naam op!

- Ons benodig veral hulp gedurende die oggend in die restourant!
- Verder vra ons dat almal asb help met bemarking - “like” en “share” ons sosialemedia-advertensies en nooi nou reeds jou kollegas, vriende en familie!

**DANKIE VIR DANKBAARHEIDSFEES**

Baie dankie aan die Diakonie vir ‘n heerlike saamkuier gister met die Dankbaar-heidsfees! Dankie aan alle lidmate wat betrokke was of skenkings gemaak het om hierdie heerlike geleentheid moontlik te maak.

**KERSBEDERF - HIER KAN JY OOK IETS DOEN VIR IEMAND ANDERS**

Ons gemeente se Susters gee jaarliks vir ongeveer 25 gesinne in ons gemeente 'n "Bederf-emmer" / "Bederf-boks" voor Kersfees om 'n lekker Kersete mee voor te berei.

Ons wil graag 'n beroep op kleingroepe en indiwiduele huisgesinne doen om saam te span en items vir so 'n boks/emmer te skenk om sodoende die las bietjie ligter te maak. Vir een so 'n boks/emmer benodig ons die volgende nie-bederfbare items:

- Pasta
- Mayonaise
- Ingemaakte slaaie
- Jellie en Vla
- Aanmaak-koeldrank
- Koekies of ander lekkernye
- Kitspoeding / kitskoek

Ander items wat  'n Kersfees-ete vir 'n gesin spesiaal sal maak is ook natuurlik welkom - hierdie is maar net 'n riglyn.

Baie dankie dat ons u kan vra om dit met groepbediening / huisbesoeke aan julle groep voor te lê. Laat weet gerus vir Hestie (072 383 9510) of tannie Anna (082 765 9813) indien julle kleingroep / huisgesin hieraan sal deelneem.

**OODOPPERFEES WILDSDROëWORS**

Daar is steeds van die Oosdopperfees se wildsdroëwors te koop - jou wintervoorraad is seker lankal opgeëet.

**GKSA-NUUS**

**Beroepe ontvang**

- Ds GP (Gerrie) van Rhyn van GK Komatipoort na GK Heidelberg.
- Ds H (Hardus) Lee van GK Derdepoort na GK Pretoria-Alkantrant.

**Almanak 2004:**
**GKSA dagstukkies en info van kerke**

Skryf jou naam op die bestellys vir die Almanak 2024 in die voorportaal van die Skuur. R125 elk.

**KENNISGEWINGBORD**

- President Kruger Kinderhuis soek vakansie-ouers
- Dame opsoek na werk.

**DANKIE AAN ONS BORG VAN DIE WEEK!**



**ONS GEMEENTE GAAN KAMP!**

**BESPREEK JOU PLEK!**

OOS DOPPERS

# GEMEENTEKAMP

**KOM KAMP AS GEMEENTE LEKKER SAAM OM DIE KAMPVUUR**

**8 - 10 DESEMBER 2023**

**RIETSPRUITDAM ONTSPANNINGSOORD | VENTERSDORP | 60 KM VANAF POTCHEFSTROOM**

Kampeer staanplekke beskikbaar @ R200 per gesin vir die naweek

3 x Hutte beskikbaar @R1500 vir die naweek vir 4 persone

**Indien jy belangstel, kontak Marlise Styger by 083 655 8145**





# SUSTERS

ROM. 1:16 "EK SKAAM MY NIE OOR DIE EVANGELIE NIE, WANT DIT IS 'N KRAG VAN GOD TOT REDDING VAN ELKEEN WAT GLO."

## SUSTERS: ELEKTRONIESE INBETALINGS

Liewe suster, om dit vir jou makliker te maak kan jy gerus die "Zapper App" aflaai en dan hierdie QR-simboolkode vir elektroniese inbetalings aan die Susters gebruik. Dui asb net vir ons aan waarvoor jy bydra: Jaarlikse sustersbydrae / Blikkies-warmharte / Kansa / Donasies.

## TEESKINK-GELEENTHEID



Omdat ons vandag na die oggenddiens aan die Bybelloop saam met NG Grimbeekpark deelneem, het ons nie tee by ons eie gemeente nie.

## BLIKKIES-WARMHARTE & SUSTERSBYDRAE

- Die doel van die blikkies (wat jy in die voorportaal van die kerk kan kry) is dat almal hulle lastige kleingeld in 'n blikkie sal gooi en die vol blikkie dan in die voorportaal van die kerk sal neersit. Die geld word dan gebruik om blomme of iets toepaslik aan te koop vir iemand wat deur beproewing gaan.
- Die susters se fondse word uit elke suster se vrywillige bydrae (R150 per jaar) verkry, asook uit die fondse wat tydens fondsinsamelingsgeleenthede geïn word. Hierdie geld word gebruik om na minderbevoorregtes uit te reik en daar word jaarliks aan verskillende verdienstelike instansies, donasies gegee.

Dankie vir die susters wat op gereelde basis 'n bydrae vir hierdie werk gee.

## KANSA-PROJEK

Ons sluit vandag ons Kansa-projek af. Almal wat nog 'n bydrae wil maak kan dit nog vandag doen.
Baie dankie vir almal wat tot hierdie projek bygedra het !

## DANKIE

Baie dankie aan Ment en die susters van Blok C vir 'n baie besondere Sustersafsluiting, saam met ons manne! Dit was 'n besondere geleentheid vir almal!
Baie dankie ook aan Hestie en Mia wat 'n heerlike uitstappie vir ons Seniorlidmate gereël het!

**NAGMAALETE: SONDAG 12 NOVEMBER**




**Skryf asb jou naam op die lys in die voorportaal om jou plek vir hierdie bederf-ete te bespreek!**



# Oosdoppertjie-Jeugbediening

### 1. Erediens Kinderblad

Ons kinders se deelname aan die erediens is belangrik. Ons dink aan die Here Jesus se uitnodiging: Laat die kindertjies na My toe kom!  Die erediens is 'n ontmoeting tussen God en sy volk en ons kinders is net soveel deel van hierdie ontmoeting as ons volwassenes.
Om egter vir ons kinders hierdie ontmoeting so sinvol as moontlik op hulle vlak van verstaan te maak, gee ons tydens die skoolkwartaal 'n Kinderblad uit. Dit is voor die erediens in die voorportaal beskikbaar. Daar is ook inkleurpotlode en knipborde beskikbaar. Hierdie kinderblad bied aktiwiteite wat die kinders tydens elke element van die erediens kan voltooi. Ouers kan die kinders begelei oor hoe om dit te voltooi. Die hoop is dat die blaadjie ons kinders sal laat groei in hul geloof en verhouding met ons Here.

### 2. Bediening vir voorskoolse jeug tydens eredienste

Gedurende die skoolkwartaal bied ons vir die voorskoolse jeug 'n georganiseerde program aan, terwyl Woordverkondiging plaasvind. Die kleuterbediening vind plaas deur 'n lessie wat op die kleuters se vlak aangebied word, asook speletjies, samesang en gebed. Kleuters van 3jr tot Gr R is welkom om by ons aan te sluit. Enigiemand wat die behoefte het om betrokke te raak by kleuterbediening is welkom om Marlise te kontak.
Kontakpersoon: Marlise Styger (marlise.venter@gmail.com of 083 655 8145)

## ALGEMENE INLIGTING

### LIEFDEGAWES VIR BARMHARTIGHEID (DIAKONIE)

Hierdie QR-simboolkode is gekoppel aan die Diakonie se rekening en slegs bydraes vir Barmhartigheid kan daarmee gemaak word - geen ander betalings aan die Diakonie of kerkraad nie.

### KONTAKBESONDERHEDE

Ds. Piet: 018 290 5635 / 082 779 1237
Hulpdiens: Ds. Pieter vd Walt – 082 851 3637
Kerkkantoor: Adele – 018 290 7690 / 082 532 8658 / kerkkantoor@oosdoppers.co.za
Koster: Dawie v Zyl – 082 774 7936

### BANKBESONDERHEDE

| Geref. Kerk Potchefstroom-Oos | Diakonie | Susters |
|---|---|---|
| ABSA Bank | ABSA Bank | Capitec Bank |
| Tjekrek: 670 340 066 | Tjekrek: 670 280 160 | Spaarrek: 145 652 5695 |
| Takkode: 632-005 | Takkode: 632-005 | Takkode: 470-010 |